

KOMMUNIKASIE AAN ALLE BELEGGERS

10 AUGUSTUS 2017

HIGHVELD SYNDICATION 15- 22 BEPERK (ONDER ONDERNEMINGSREDDING)

(“die maatskappye”)

1. Ek skryf aan u in my hoedanigheid as die behoorlik aangestelde Ondernemingsreddingspraktisyn van die maatskappe (“die Ondernemingsreddingspraktisyn”).
2. Die vorige kommunikasies aan beleggers sedert bekragting van die voorgestelde reëlinskema ten opsigte van Orthotouch (Edms) Beperk deur die Hooggeregshof van Suid-Afrika was deur die behoorlik aangestelde Ontvanger vir Krediteure, mnr. Derek Cohen, hanteer.
3. Gedurende die afgelope paar maande en weke was sekere omstrede stellings gemaak in kommunikasies deur partye wat voorgee om die beste belange van beleggers op die hart te dra.
4. Hierdie kommunikasies is onder die aandag van die Ondernemingsreddingspraktisyn en die Ontvanger vir Krediteure gebring met die versoek aan hulle om kommentaar daarop te lewer. Sekere verdere stellings is ook op verskeie sosiale media-platforms gemaak.
5. Gedurende September 2011 was die Ondernemingsreddingspraktisyn aangestel en op welke stadium hy vir die heel eerste keer bekend gestel was aan die sake van die maatskappye. Die maatskappye was toe in ernstige finansiële nood en hopeloos insolvent.

6. Die Ondernemingsreddingspraktisyn het alle belanghebbende partye versoek en uitgenooi om voorstelle te maak oor hoe daar gepoog kon word om die besigheid van die maatskappye te red. Dit was gedoen in die belang van al die maatskappye se skuldeisers en met die oog daarop om 'n lewensvatbare ondernemingreddingsplan voor te stel. Die alternatief op daardie tydstip was om die maatskappye net eenvoudig te likwideer
7. Na aanleiding daarvan het die Ondernemingreddingspraktisyn 'n reddingsvoorstel ontvang wat hom in staat gestel het om 'n reddingsplan op te stel wat behoorlik voorgestel was en deur alle krediteure in hulle onderskeie klasse voor gestem en aanvaar was. Die plan was aanvanklik suksesvol geïmplementeer, maar het later sekere struikelblokke ervaar.
8. Verskeie stellings wat daarop neerkom dat die ondernemingsredding van die maatskappye 'n "mislukking" was word gemaak. Die Ondernemingsreddingspraktisyn stem nie met hierdie stelling saam nie aangesien beleggers sedert 2011 meer as R1 miljard in betalings ontvang het. Inaggenome die finansiële posisie van die maatskappye toe die ondernemingreddingsverrigtinge begin het en as hierdie skema met ander soortgelyke skemas vergelyk word was die uitkoms van hierdie skema ten minste matig suksesvol. Een van die statutêre doelstellings van besigheidsreddingsverrigtinge is om 'n beter opbrengs vir krediteure te verseker as was die geval in 'n likwidasië sou wees. Na die mening van die Ondernemingsreddingspraktisyn is die uitslag wat werklik bereik is ongetwyfeld meer voordelig vir krediteure as wat dit in die likwidasië van die maatskappye sou wees.
9. Beleggers moet ook daaraan herinner word dat 'n groep beleggers in die tweede helfte van 2014 begin het met Hooggeregshof aansoeke om verlof om 'n klasaksie te laat sertifiseer en vroeg in 2015 'n aansoek geloods vir die tersydestelling van die bogemelde reëlinskema deur die Hooggeregshof. Hierdie hofsake is steeds aan die gang en dit sal onvanpas wees om op hierdie tydstip kommentaar op die uitkoms daarvan te lewer.
10. Indien die reëlinskema ter syde gestel word, sal daar van die Ondernemingsreddingspraktisyn verwag word om die effek daarvan op die

ondernemingsreddingproses te bepaal en veral of ondernemingsredding onder daardie omstandighede lewensvatbaar sal bly. As die ondernemingsredding nie meer lewensvatbaar is nie, mag die Ondernemingsreddingspraktisyn, ingevolge die Maatskappiewet, verplig word om aansoek te doen om 'n hofbevel wat die ondernemingsreddingsverrigtinge tot 'n einde bring en wat die maatskappye in likwidasië plaas. So 'n bepaling sal gedoen en deeglik uitgevoer word indien dit nodig word. Op hierdie stadium wil die Ondernemingsreddingspraktisyn bloot uitwys dat daar onder daardie omstandighede 'n werklike vooruitsig van likwidasië sal wees.

11. Die Ondernemingsreddingspraktisyn het regsadvies ingewin en sal daarvolgens opgetree.
12. U sal verder op hoogte gebring word soos en wanneer dit toepaslik is.

Die uwe,



JF (HANS) KLOPPER

ONDERNEMINGSREDDINGSPRAKTISYN